

Beeldprojek bemoeilik deur gebrek aan gehalte

COBUS VAN BOSCH


KAAPSTAD se derde kompetisie vir 'n openbare beeldhouwerk sou van-deesweek 'n wenner gehad het, maar in plaas daarvan is drie finaliswerke gekies, waaruit 'n wenner later aangekondig sal word nadat die beoordeelaars en kunstenaars weer oor die saak gepraat het.

Op Kevin Brand, Paul Edmunds en die span van Fritha Langerman en Katherine Bull wag daar nou die taak om hul inskrywings beter te verduidelik en, vermoed 'n mens, moontlik aan te pas.


Die voorleggings is tans te sien in die galery van die Vereniging vir Visuele Kunste (Kerkstraat, Kaapstad), wat die projek met die hulp van die J.K. Gross-trust administreer. Soos met die vorige kompetisie in 1998 is vanjaar se inskrywings – daar was meer as 100 – in die algemeen nie juis iets om oor huis toe te skryf nie. Dat die beoordeelaars nie onmiddellik 'n wenner kon aanwys nie, wys hier eerder op 'n tekort aan gehalte as 'n oorfloed daarvan. Seker meer as 80 per sent van die kunstenaars wat aan die kompetisie deelgeneem het, kon waaragtig nie ernstig gewees het met hul idees nie. Inskrywings soos 'n stapeltjie klippe, 'n gebalde vuis, dansende kinders, kontekslose figuurstudies, stokmannetjies en abstrakte komposisie wat lyk of dit uit die sestiesiens datsen, was ook selfs daar.



Kevin Brand se Strikersweeperkeeper.



Paul Edmunds se inskrywing.



Die voorlegging van Katherine Bull en Fritha Langerman.

vrotsige Jan Smuts-beeld aan die bopunt van Adderleystraat 'n kompliment as openbare kunswerk.

Dit laat 'n mens noodwendig by 'n belangrike vraag. Waar is die idees van Suid-Afrika se voorste beeldhouers en konsep- en installasiekunstenaars? Hierdie was nie 'n plaaslike kompetisie nie – inskrywings van oral, selfs oorsee, is ingewag. Die land se voorste kunstenaars skitter in hul afwesigheid. Waarom is daar nie 'n inskrywing deur Jane Alexander nie? Waar is Willie Bester? Of Willem Boshoff? Of William Kentridge? Waar is Alan Alborough, Walter Oltmann? Waar is Norman Catherine? Randolph Hartzenberg? Marc Edwards? Jeremy Wafer? Waar is nuwe stemme soos Wim Botha, Stephanus Rademeyer of Doreen Southwood? Jan van der Merwe? Bridget Baker? Gavin Young? Of selfs Sue Williamson? En waar is swart kunstenaars soos Johannes Segogela? Al wat 'n mens kan aflei, is dat daar neus opgetrek word vir die prysgeld (R40 000) en die geld wat gegee word vir die maak van die werk (R80 000).

Intussen gaan daar nou besin word oor die drie finaliswerke.

Kevin Brand se *Strikersweeperkeeper* is geskoei op die bekende sokkerspeletjie wat in kafees of kroë aange-tref word, en bestaan uit drie aanme-kaar-gelaste sokkerfiguurtjies.

Paul Edmunds se voorstel is 'n op-een-stapel van eenselwige voor-werke, gegiet in yster. Dit is afgelei van plastiekbuffers wat die kante van bote beskerm wanneer hulle vasmeer.

Dit lyk of Langerman en Bull meer dinkwerk in hul voorlegging gesit het om dit veral relevant tot Kaapstad te maak. Hul voorstel is 'n reeks van agt ronde skywe van glas, staal, alimuni-um en reflekteermateriaal wat ver-wys na agt "beroepe" wat meegehelp het in die evolusie van Kaapstad. Dit sluit in "setlaar" (Jan van Riebeeck), "soldaat" (Jan Smuts), "ontwerper" (Herbert Baker) en "redakteur" (John Fairbairn). Die skywe beeld egter nie dié persone uit nie, maar fiktiewe vrouekarakters. Langerman en Bull het besluit om die vroue in te sluit om-dat vroue grootliks uitgesluit is van koloniale geskiedenis en die evolusie van die ontwerp van Kaapstad.

Die wenwerk sal binne die volgende paar maande aangekondig word.